

VERWONDERING EERDER AS VERWONDING

Die Nobelpryswenner, Herman Hesse (1877-1962), het 'n mooi artikel oor skoenlappers geskryf, waarin hy ook oor verwondering en skoonheid nadink. Hy haal onder andere vir Goethe aan, wat gesê het: "Ek is hier sodat ek verwonderd mag wees." Hesse meen dat universiteite en ander instellings, wat ons ook van verwondering en wysheid moet leer, op te veel plekke in rigiede kennis en teorieë vasgeval het. Die kerk en teologie kry soms dieselfde met hulle ingewikkelde dogmas en eindelose strydgesprekke reg. Op te veel terreine in die lewe lei sulke rasonale oordad tot emosionele atrofie. Anders gesê: Ons harte raak hard, omdat ons emosies afstomp. Sulke emosionele afgestomptheid is letterlik sielododend!

Hoe word verwondering weer deel van ons lewe? Wel, ons moet vir die Here vra om daardie herstelknoppie in ons hart aanhoudend te druk, daardie een wat ons verskuif vanaf emosionele afgestomptheid na nuuskierigheid, leergierigheid en opgewondenheid. Dit vra dat ons onself moet oopstel om gedurig deur die grootsheid van God se handwerk rondom ons verras te word. Ons moet God se goedheid in en rondom ons aanhoudend met kinderlike opgewondenheid najaag. Ons moet dit elke dag opnuut raaksien en daarvoor jubel. Dan wen verwondering weer in ons harte. Dan vat verwondering die pad!

Geskryf deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan

Ria Putter

Maria Steyn

Sampie Swart

Annika Kilian

Jaco Steenkamp

Leonie Kruger

Sumari Pretorius

Jillian Jansen

Albert Glockzin

Willie Britz

Rudi Kruger

Jaap Naudé

Tilly van Huysen

Flippie Roslee

Tannie Bets Coetzee

Annetjie Pienaar

Amoré Alberts

Willie Viljoen

Tannie Rina vd Vyver

Ockie Fourie

Johnny Viviers

Jurie Matthee

Annie Brink

Tannie Poppie Reyneke

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U **wondergroot genade...**

- HERE, ek het U lief! AMEN



Stukkie Geskiedenis van NG Vaalpark



Ons het in 1975 na Vaalpark verhuis. Johan was Gereformeerd en ons was in Sasolburg by ds Smit se gemeente. Ons 2 kinders is ook daar gedoopt. Ons het in Hattingsstraat gewoon en die kinders wou ook altyd Kinderkrans bywoon. Ons het toe besluit om NG lidmate te word. (Ek het NG grootgeword) Ds Theuns Botha was die predikant op daardie stadium. Die kinders het gekatkiseer by Ds Thinus Benade en Danie Pretorius. Ek was betrokke by die Sondagskool, kinderkrans en vroueaksie. Was lank sekretaresse van die Vroueaksie. Dit was altyd 'n hoogtepunt. Interessante sprekers en aktiwiteite gehad. Dink met heimwee terug aan Salomie Visagie, Ansie Botha asook Esterina saam met wie ek baie gewerk het. Johan was ouderling en vertel graag van een aand se huisbesoek toe die omie glad nie die dominee herken het nie. Hy vra toe so ewe vir hom wat se werk doen hy. Toe Johan sê dis ons predikant, sê hy, haai dominee ekt jou glad nie herken sonder jou toga nie.  Johan & Belinda Kotze

Gedagte vir die week

**U is MY rots,
MY bergvesting
en MY verlosser**

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005